AMP BESKRYWING

AMP TITEL	Addisionele lid
INSTANSIE	Apiesrivier Landelike BBV

DOEL VAN AMP
Om op te tree as die verkose addisionele lid van die Apiesriver Landelike BBV en om te same met die uitvoerende komitee en bestuur en die verskillende strukture waar uit daar voortvloeiende aksies is, doeltreffend te bestuur.

SLEUTELVERANTWOORDELIKHEDE
Beplanning, organisering, leiding en beheer van alle take soos vervat in die Apiesrivier Landelike BBV grondwet, wet 101 van 1998 op veld- en bosboubrande en verwante wetgewing en aktiwiteite van die brandvereniging van die Apiesivier Landelike BBV gebied.

BESKRYWING VAN TAKE

Beplanning

- Deelname aan die jaarlikse proses van beplanning ten einde die nodige doelwitte, take en hulpbronne te bepaal wat daartoe sal lei dat die doel van die amp bereik word.
- Gesamentlike beplanning rondom die BBV se begroting, jaarprogram en gebeurlikheidsplanne.

Organisering

- Ondersteuning van take aan die bestuur en portefeuljes soos benodig.
- Vestiging van goeie samewerkende verhoudinge met toepaslike instansies en belangegroep ten einde om die BBV se funksie doeltreffend te kan uitvoer.

Leiding

- Motivering van bestuurs-, portefeulje- en BBV-lede om die take te verrig.
- Bevorder uitbou van die BBV se ledebasis.

Beheer

- Keur betalings en kwotasie goed kragtens die uitvoerende komitee en bestuursvergadering se goedkeuring.
- Hersiening van die reëls en regulasies van die BBV in samewerking met die uitvoerende komitee en bestuur.
- Wanneer die addisionele lid bedank moet hy/sy alle korrespondensie, bates en enige ander toerusting aan die BBV bestuur te oorhandig.
- Die addisionele lid moet ook ‘n amptelike oorhandiging doen van sy amp.
- Die amptelike e-pos besonderhede moet ook aan die bestuur gegee word.

VEREISTES VIR DIE AMP

1. Die addisionele lid moet opleiding in brandbestryding en -toerusting hê.
2. Goeie mense verhoudings hê.
3. Toegang hê tot internet, bbv e-pos en Whatsapp en rekenaargeletterd wees.
4. Moet ‘n gereelde radio verbruiker wees.

PERSOONLIKE EIENSKAPPE/VAARDIGHEDE

<u>Ondervinding</u>

- Wat tot voordeel vir die BBV sal wees.
- Skakeling met individue en groepe waar die bou van verhoudings noodsaaklik is.
- Vorige blootstelling aan vereniging pligte met inbegrip van beplanning, organisering, leiding en beheer.
- Ondervinding met veldbrande

<u>Vaardighede/Eienskappe</u>

- Goeie organiserings vermoë.
- Leierskap. Belangrike funksies van leierskap: visualisering, inspireer, raadgewend, beinvloeding en mentor.
- Goeie kommunikasie vaardighede, beide gesproke en geskrewe.
- Goeie eienskappe: besluitneming, lojalitiet, moet ‘n voorbeeld stel, menslikheid, kalm en beredeneerd, reverdigheid, trots, pligsbesef, verantwoordelikheidsin, goeie selfbeeld en selfvertroue, fisies/psigies fiks, engerie, entoesiasme, insiatief, respek en vertroue inboesem

- Kundig in die hantering van interpersoonlike konflik.
- Diensvaardige oriëntasie.
- Bereid wees om te help met nood.

AMP BEKLEËR	
AMP BESKRYWING GETEKEN OP	

HANDTEKENING VAN AMP BEKLEËR	
AANVANGSDATUM VAN AMP BESKRYWING	
HERSIENINGSDATUM VAN AMP BESKRYWING	Jaarliks tydens die beplanningsessie